NASKOOLINLIGTING

Graad RR en graad R

- Toesighouers ontvang leerders by klasse, word op die register afgemerk, en word na die speelterrein begelei.
- Naskoolleerders mag naskoolse aktiwiteite bywoon, indien die ouers skriftelike toestemming gee.
- Reël asseblief met die betrokke buitemuurse organiseerder/afrigter om die leerder by die Woelige Wonnies terrein af te haal.
- 'n Register word gehou om seker te maak dat ons weet waar die leerders hulle ten alle tye bevind.
- Middagete word om 13:15 bedien en verversings om 15:00.
- Vrydae: Snoepie- en speelgoeddag.
- Naskoolpersoneel hou toesig oor leerders in die Woelige Wonnies terrein.
- Naskool is gedurende Publieke Vakansiedae en Desembervakansies gesluit.
- Gebruik asseblief die Hoofingang (boomhek) oorkant Arrie Nel Apteek met die afhaal van leerders. Die Sporthek word vir veiligheidsmaatreëls gesluit.
- Naskool sluit om 17:30.
- Naskooltye: 12:30 tot 17:30.

Graad 1

- Leerders word nadat die skool verdaag het, op die aantekenregister afgemerk.
- Stel ons asseblief skriftelik in kennis indien u kind nie die Naskool gaan bywoon nie.
- Naskoolleerders mag naskoolse aktiwiteite bywoon, indien die ouers skriftelike toestemming gee.
- Reël asseblief met die betrokke buitemuurse organiseerder/afrigter om die leerder by die Woelige Wonnies terrein af te haal.
- Gebalanseerde etes vanaf Die Kontrei Kombuis.
- Middagete word om 13:30 bedien en verversings om 15:00.
- Naskoolpersoneel hou toesig oor die leerders in die Woelige Wonnies terrein.
- Leerders is verplig om een studiesessie van 'n uur by te woon.
- Alle klere, tasse, kosblikke, en skryfbehoeftes moet duidelik gemerk wees.
- Naskool is gedurende Publieke Vakansiedae en Desembervakansies gesluit.
- Gebruik asseblief die Hoofingang (boomhek) oorkant Arrie Nel Apteek met die afhaal van leerders. Die Sporthek word vir veiligheidsmaatreëls gesluit.
- Naskool sluit om 17:30.
- Tye:
  - Naskooltye: 14:00 tot 17:30
  - Huiswerk- en studietyd: 14:00 tot 15:00
    15:00 tot 16:00

Graad 2 tot 7

- Naskoolpersoneel hou toesig oor die huiswerkklasse en terrein.
- Leerders is verplig om een studiesessie van 'n uur by te woon.
- Naskoolleerders mag naskoolse aktiwiteite bywoon, indien die ouers skriftelike toestemming gee.
- Reël asseblief met die betrokke buitemuurse organiseerder/afrigter om die leerder by die Naskoolterrein af te haal.
- 'n Register word gehou om seker te maak dat ons weet waar die leerders hulle ten alle tye bevind.
- Gebruik asseblief die Hoofingang (boomhek) oorkant Arrie Nel Apteek met die afhaal van leerders. Die Sporthek word vir veiligheidsmaatreëls gesluit.
- Naskool sluit om 17:30.
- Tye:
  - Naskooltye: 14:00 tot 17:30
  - Huiswerk- en studietyd: 14:00 tot 15:00
    15:00 tot 16:00

Etes: 13:30 tot 14:00

- Gebalanseerde etes vanaf Die Kontrei Kombuis.
- Verversings: 15:00-15:30
- Spyskaart by Naskoolontvangs beskikbaar.
- Leerders wat aan aktiwiteite deelneem moet n gemerkte kosblik by die kombuis ingee.

Skoolvakansietye: 07:00 tot 17:30

- Naskool is gedurende Publieke Vakansiedae en Desembervakansies gesluit.
- Vakansieprogramme en -aktiwiteite word aangebied teen geen addisionele koste nie.
- Gedurende vakansietye mag leerders hul eie speelgoed bring, waarvoor daar nie verantwoordelikheid geneem kan word as dit wegraak of breek nie.
- Geen troeteldiere, skaatsplanke, rolskaatse of fietse mag ter enige tyd, Naskool toe gebring word nie.
- Kontaknommer gedurende vakansies is 062 031 5649

Persoonlike besittings

- Alle klere, tasse, sakke, kosblikke en skryfbehoeftes moet duidelik gemerk word.

Ander inligting

- Stel ons asseblief in kennis indien u kind die dag siek is of nie die Naskool gaan bywoon nie.
- Stel ons asseblief ook vroegtydig in kennis indien 'n ander persoon u kind kom afhaal.
- Geen leerder mag aan 'n vreemde persoon oorhandig word, indien so n persoon nie oor die skriftelike toestemming van die ouers beskik nie.
- Snoepie: Slegs Vrydae.

Voorgestelde Naskoolgeld – 2024

- Die Naskoolgeld beloop R1 460.00 per maand en is maandeliks betaalbaar in 11 gelyke paaiemente voor of op die 7de van elke maand. Ons vra egter dat ouers asseblief vir Januarie 2024 per EFT of per kaart by die Naskoolkantoor betaal. Die EFT- of kaartbetalings moet vooruit gedoen word. Sou die leerders vanaf Januarie 2024 die Naskool bywoon, gaan 'n volle maand gehef word. (Indien betaling nie voor of op die 7de van elke maand geskied nie, word leerders uitgesit by die Naskool).
- Dagbesoekersfooi: R90.00 per dag. Streng vooruitbetaalbaar. Gebruik u familiekode en naskooldagbesoek as verwysing.

Bankbesonderhede

Rekeningnaam:	Wonderboom Alumni
Bank:	FNB
Takkode:	250655
Rekeningnommer:	62864468220
Verwysingsnommer:	Familiekode + Naskool

Kontakbesonderhede

Naskoolbestuurder:	Mev. Monica Swart
Telefoonnommer:	012 543 0208/9 vanaf 11:00 tot 13:30
	062 031 5649 **SLEGS** vanaf 13:30 tot 17:30
E-posadres:	naskool@wonwen.co.za

Kontakbesonderhede vir betalingsnavrae en finansiële kantoor

E-posadres:	finansies@wonwen.co.za